Tekens van die Tye!



Job 12:15 Kyk, Hy(GOD) hou die waters terug, en hulle verdroog; ook laat Hy hulle los, en hulle keer die aarde om.

Psa 33:7 **Hy(GOD) versamel die waters van die see soos 'n** hoop; Hy bêre die wêreldvloede weg in skatkamers.

Tekens van die Tye.

In die eerste drie hoofstukke van die boek Openbaring praat die Here negentien keer van die Kerk, en daarna nooit weer nie, want die afsluiting van die Kerk eindig by die derde hoofstuk. Die vierde hoofstuk van Openbaring is die wegvoering van die bruid (die liggaam) van die Bruidegom (Jesus). Openbaring 4 begin met die woorde: (vers 1)" Ná hierdie dinge [die afsluiting van die Kerk - Openbaring 3] het **ek gesien kyk, 'n geopende deur in die hemel en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê:** Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur. " [Na die afsluiting van die kerktydperk]

Dit is die presiese woorde wat die Bruid, die liggaam van Jesus, van die Bruidegom sal hoor, wanneer Hy van die hemele neerdaal, om Haar te kom haal - KOM OP HIERHEEN !!!

In Lev 23:24 lees ons van die vyfde fees, nl. die Basuinfees, wat deur die Jode gevier word in die maand Tishri, wat op ons kalender strek vanaf 20 September tot 20 Oktober. Genoemde Basuinfees is ook 'n tipe van die wegvoering van die Bruid. Wat profeties vervul sal word wanneer Jesus terugkom. [Die getal vyf, in die Bybel beteken - byeenroeping; sameroeping en oproeping. 5 wonde .]

Die vorige vier feeste is letterlik, dag en datum, profeties vervul in die Nuwe Testament. Ons is vol verwagting vir die profetiese vervulling van die vyfde fees. Halleluja !!! [Die Basuinfees.]

Kom ons vertoef so bietjie by Matt 24, waar Jesus saam met sy disipels, op die Olyfberg, aan die oorkant van die Kidron-vallei, vertoef. In vers 2 (b) wys Jesus na die Tempel en sê vir hulle: "... daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie. " In vers 3 (b) vra hulle aan Jesus: "Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld? "
In vers 34 sê Jesus: " ... hierdie geslag [Die laaste geslag van 40 jaar op aarde, voor Sy koms. -' n Geslag tydperk in die Bybel is veertig

jaar. Die laaste geslag van veertig jaar.] sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie. "

Onthou ook die vyfde- (Basuin-) fees (wegvoering) wat strek van 20 Sept. tot 20 Okt. op ons kalender. KAN JESUS NIE MOONTLIK IN DAARDIE TYD KOM NIE ????

In Matt 24:8 sê Jesus: "**Maar al hierdie dinge is 'n begin van** die smarte. " (Natuurrampe) Die Griekse uitdrukking in dié verband is - geboortepyne. Soos u bewus is kom geboortepyne al nader aan mekaar, totdat die geboorte plaasvind. Die wederkoms van Jesus word uit hierdie geboortepyne gebore. Ons gaan nou na 'n paar geboortepyne kyk wat Jesus uitgelig het, wat gaan plaasvind voor Sy wederkoms.

Geboortepyn No. 1 (Valse Christusse.)

Matt 24:4 En Jesus antwoord en sê vir hulle: "Pas op dat niemand julle mislei nie."
Vers 5 Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei.

Op 24/4/1982 verskyn 'n GROOT advertensie in die Engelse koerant, Rand Daily Mail, "THE CHRIST IS NOW HERE." Hierdie valse Christus is die Messias van die Nuwe Wêreld-orde (New Age) wat op 5 Februarie 1962 gebore is, met die naam "Lord Maitreya" wat tydens hierdie berig 20 jaar oud was. My persoonlike mening, as prediker, is dat bogenoemde valse Christus, die toekomstige wêreldleier kan wees, naamlik die Antichris. Sien Openbaring 13 en 2 Thes. 2. Hierdie "Lord Maitreya" het 'n paar jaar gelede ongeveer 25 mense uit rystoele laat opstaan deur sy Sataniese mag, waarmee hy die mense verlei het. 2 Thes 2: 9 "hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen" Vers 11: "En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, "
2 Thes 2 :6 & 7 (Wie is die teëhouer ??)
"En nou, julle weet wat hom (Antichris) teëhou, sodat hy (Antichris) op sy tyd geopenbaar kan word.

Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat Hy (die Heilige Gees) wat nou teëhou, uit die weggeruim is; “

Die Teëhouer wat verhoed dat die Antichris hom kan openbaar, word "Hy" genoem, die Heilige Gees, wat tans binne in die Kerk, die Liggaam, die Bruid van Christus is. Dus, wanneer die Teëhouer (die Heilige Gees) weg is, is die Bruid ook weg (wegvoering). Dan eers kan die Antichris homself openbaar.

2 Kor 6:15 "En watter ooreenstemming het Christus met Belial ..."

Bélial is 'n ander naam vir Lucifer wat beteken wettelose. Antichris beteken wetteloosheid.

Een van die bekende hedendaagse Antichriste is die 61 jarige Dr José Luis De Jesús Miranda.

“He claims to be the Anti-Christ. He also claims that he is Jesus Christ, and the second coming of Jesus Christ. He has a million followers and ordered his members to put 666 tattoes on their bodies. [666 the mark of Satan mentioned in Revelation chapter 13]

He said the word Anti-Christ is just a bad translation of new Christ. And 666 is a symbol of new Christ and a mark that you are a Christian.

He founded his church [Creciendo en Gracia] 20 years ago. He preaches that there is no sin, no hell, the devil has already gone to the hell and earth is already the heaven. This doctrine at**tracted so many followers”**

"His followers believe that he is god.
He is supported by the generosity of his devotees, who have launched some 450 businesses to pour cash into the coffers of Creciendo en Gracia = Growing in grace. His followers worship him.
In the early years after founding his church he didn't claim to be Christ. Instead, he worked as a pastor spreading his doctrine: that under the new covenant with God, there is no sin and no Satan, and people are predestined to be saved. As his following expanded his claims did. In 1998 he avowed that he was the reincarnation of the Apostel Paul. A few years ago he declared himself Christ. And just a few weeks ago, he called himself the Anti-Christ and revealed a "666" tattoo on his forearm.
He rejects the worship of Jesus of Nazareth."

1Joh 2:18 Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is.

Ander Valse Christusse

David Shayler (gebore 24 December 1965) in Brittanje

In an artikel in die *Daily Mail* het Shayler verklaar dat hy die seun van God is, "Ek is die Messias en het die geheim van die ewige lewe." Hy het ook verklaar dat hy die reinkarnasie is van verskeie historiese figure. Volgens sy webtuiste is hy "David Michael Shayler" gesalf as Messias op 2 Julie 2007 en geproklameer op 07.07.07, in lyn met antike profesië. Hy verklaar ook dat hy goddelike kragte beskik wat hom toelaat om die weer te beinvloed en terroriste aanvalle te voorkom.

Hy kan ook voetbal-wedstryd tellings voorspel.

Sergey Anatolyevitch Torop [gebore op 14 Januarie 1961 in Krasnodar, Rusland] Bekend onder sy volgelinge as Vissarion. Hy is die hoof van die beweging bekend as "the *Church of the Last Testament"* en is ook die stigter daarvan. Hy verklaar dat hy die reinkarnasie van Jesus is. Hy het ongeveer 4,000 volgelinge in ongeveer 30 dorpies in Rusland en bykans 10,000 volgelinge wereldwyd.

Die Japanese sekte Ho No Hana Sanpogyo 'n nuwe godsdienstige beweging gestig deur Hogen Fukunaga. Dit word dikwels die "foot reading cult," genoem omdat Hogen Fukunaga beweer dat hy 'n diagnose kan maak deur iemand se voete te ondersoek. Hy het hierdie groep gestig in 1987, na 'n sogenaamde 'geestelike ondervinding' waardeur hy ontdek het dat hy die reinkarnasie van Jesus Christus EN Buddha is. Die groep het op 'n stadium beweer dat hulle 30,000 lidmate het.

Inri Cristo [Gebore as Alvaro Thais in Brazil, op 22 maart 1948.] is 'n Braziliaanse godsdienstige leier wie beweer dat hy Jesus Christus, geinkarneer, is. In 1979, terwyl hy in vasting was in Chille, het dieselfde stem wat hy reeds vanaf sy kinderdae hoor, vir hom gesê: " Ek is jou Vader, die God van Abraham, Isak en Jakob." Hierdie stem het ook vir hom gesê dat hy, Alvaro Thais, dieselfde Christus is wat tweeduisend jaar gelede gekruisig is onder Pontius Pilatus.

Matayoshi Jesus - 'n Japanese polotikus wat homself voorstel as "The only God Mitsuo Matayoshi Jesus Christ". Na aanleiding van sy program, sal hy "as Christus" die Laaste Oordeel voltrek, maar binne in die huidige politieke sisteem.

Huidiglik is daar meer as 'n honderd valse Christusse in die wêreld en elkeen maak daarop aanspraak dat hy die messias of Christus is.

Geboortepyn No. 2 (Oorloë)

(Matt 24:6 En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie.

Dan 9 : 26 (b) " ..... en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.

(i) Die eerste wêreld oorlog: (1914 - 1919)
Sewe en vyftig nasies betrokke
Tien miljoen mense gedood/Een en Twintig miljoen mense vermink.

(ii) Die tweede wêreld oorlog: 1939-2September 1945
Sewentig nasies betrokke.
Vyf en dertig miljoen mense gedood.

(iii) Die derde wêreld oorlog: Armageddon.
Openbaring 16:16 - Armageddon in bloudruk.

Open 9:15 - Een derde van die wêreldbevolking van die huidige populasie (sewe miljard mense) gaan gedood word. Die huidige populasie aanwas is ongeveer 140 miljoen mense jaarliks.

Sag 13 : 8 En in die ganse land, spreek die HERE—twee-derdes sal daarin uitgeroei word, sal sterwe, maar een-derde daarin oorbly.
Twee derdes van die Joodse bevolking gaan uitgewis word met die slag van Armageddon. TWEE UIT ELKE 3 JODE WORD UITGEWIS.

Openb 14 : 20 (b) "en bloed het uit die parskuip gekom tot aan die tooms van die perde (1 ½ meter diep) , twee honderd myl (322 km) ver. "

Sag 14 : 12 " En dit sal die plaag wees waarmee die HERE al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hul voete staan; en hulle oë

sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond. (Dit is die uitwerking en verwoesting van die Atoombom.) Dit is presies die uitwerking wat die ontploffing van die Atoombom gehad het in Japan toe die stede van Hirosjima en Nagasaki in 1945 tot puinhope omskep is. Die inwoners van daardie stede is totaal verteer deur die verskriklike hitte van die Atoombom en mense wat verder weg was se vlees het sommer losgeraak en afgegaan van die beendere. Een Japanner het gesê hy sal nooit die pienk perd vergeet nie. Toe hy nader stap sien hy die perd het geen vel oor sy vleis nie, dit het eenvoudig gedisintegreer.

In die tydperk 3,600 V.C.

1. Was daar 14,531 oorloë.
2. Daar was net 292 jaar van vrede.
3. Daar was ongeveer 26 oorloë per jaar.
4. Net een jaar van vrede elke twee dekades (20 jaar).
5. 36 uur van vrede per maand.
6. een minuut vrede elke vier uur.

1 Thes 5 : 3 "Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie. "

Huidiglik sit leiers wêreldwyd 24 uur om konferensie tafels en roep uit vrede, terwyl daar geen vrede sal wees nie, en hulle besig is met wapentuig van massa vernietiging. Bogenoemde profesie is huidiglik letterlik vervul. (Vrede alleenlik in Jesus te vinde. Die Vredevors)

Geboortepyn Nr.3 (Hongersnode)

Matt 24 : 7 (b)". . en daar sal hongersnode wees . . ."

Sedert die laaste wêreldoorlog het hierdie wêreld in 'n toenemende mate gesien hoedat duisende en tienduisende, en nou selfs miljoene mense, sterf van die honger regoor die wêreld. Die voedselsituasie in die wêreld is hagliker as wat die meeste mense besef. Voedselpryse styg en die inflasiespook word aangewakker. Voedsel en petrol is omtrent ewe duur en kos is 'n basiese middel wat die mens moet gebruik. Miljoene mense het nie elke dag kos om te eet nie. Min mense slaan

ag op die naderende voedselprobleme, oorbevolking en die stedelike bevolkingsontploffing. Afrika is in 'n greep van hongersnood gewikkel.

Lev 26 : 26 As Ek vir julle die staf van die brood verbreek, sal tien vroue julle brood in een oond bak en julle brood by die gewig teruggee; en julle sal eet, maar nie versadig word nie.

Statistiek 1975—Hongersnood

1. Gedurende die 18de eeu sterf 10 miljoen mense as gevolg van honger.
2. Gedurende die 19de eeu sterf 25 miljoen mense as gevolg van honger.
3. Net in 1970 sterf 10 miljoen mense as gevolg van honger.
4. In 1975 sterf 30 miljoen mense as gevolg van honger.
5. Die Wêreld Voedsel organisasie het bekend gemaak [1975] dat die sterftesyfer weens hongersnood al 57 miljoen per jaar bereik het. [156,000 per dag.]
6. Planet Watch 15 Okt 2009—ten minste 1 miljard mense ly honger elke dag.\11,000 kinders onder 5 sterf daagliks van honger.

Gedeelte van 'n Berig uit "The Economic Collapse."

12 May 2011

"20 Signs That A Horrific Global Food Crisis Is **Coming**"

For years, many "doom and gloomers" have been yelling and screaming that a food crisis is coming.

Well, up to this point there hasn't been much to get alarmed about. Food prices have started to rise, but the truth is that our stores are still packed to the rafters with gigantic amounts of relatively cheap food.

However, you would have to be an idiot not to see the warning signs. Just look at what happened in Japan after March 11th. Store shelves were cleared out almost instantly.

It isn't going to happen today, and it probably isn't going to happen tomorrow, but at some point a major league food crisis is **going to strike."**

"PeakOil News and Message Board

Food Crisis 2011: The Global Food Shortage Has Already Begun

#3 The price of corn has doubled in the past six months.

#4 The price of wheat has roughly doubled since the middle of 2010.

#5 According to Forbes, the price of soybeans is up about 50% since last June.

#6 The United Nations is projecting that the global price of food will increase by another 30 percent by the end of 2011.

#7 Due to all of the unprecedented flooding, the winter wheat crop in Australia has been absolutely devastated.

#13 Somewhere in the world someone starves to death every 3.6 seconds, and 75 percent of those are children under the age of five.

#14 As food has become increasingly scarce around the world, many companies have started using whatever kinds of

"fillers" that they can think of in their "food" products. For example, Raw Story is reportingthat some companies in China have actually been mass producing "fake rice" that is made partly of plastic. According to one Chinese Restaurant Association official, eating three bowls of this fake rice is the equivalent of consuming an entire plastic bag."

Geboortepyn No. 4 (Pessiektes)

Matt 24 : 7 (b) " . . . . . en pessiektes . . . . . "

Vigs ! Dit is die eerste keer in die geskiedenis dat iemand met 'n siekte (pes) wat 100% dodelik is, deur politiek beskerm word. Daar is geen hoop om die verspreiding te keer nie.

Deut 28 Die seëninge en vloeke van God.

Vers 15 "Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal. "

Vers 21 "Die HERE sal maak dat die pes jou aankleef totdat Hy jou vernietig uit die land (Suid-Afrika)waarheen jy gaan om dit in besit te neem. "

Vers 22 (a) "Die HERE sal jou swaar tref met tering (tuberkulose) en koors en vurige koors en ontsteking en . . . . "

Vers 24 "Die HERE sal die reën van jou land poeier en stof maak (geen reën, net droogte); van die hemel (van God) sal dit op jou afkom totdat jy verdelg is."

Vers 27 "Die HERE sal jou swaar tref met swere van Egipte (die wêreld) en met geswelle en skurfte en uitslag waarvan jy nie kan gesond word nie."

Vers 35 "Die HERE sal jou tref met bose swere aan die knieë en aan die bene—waarvan jy nie gesond kan word nie—van jou voetsool tot jou skedel."

Vers 38 " Jy sal baie saad op die land uitbring, maar min insamel (pessiektes); want die sprinkaan sal dit afeet. "

a) Wanneer God seën, trek Hy die vloeke terug, en niemand sal vloek nie. (Halleluja ! ! !)

b) Wanneer God vloek, trek Hy die seëninge terug, en niemand sal

seën nie.
Die gemiddelde man het jaarliks met sowat 25 vroue seksuele omgang - 20% van die Suid-Afrikaanse volk, wat seksueel aktief is, is H.I.V. Positief.

1) Vigs statistieke in Suid-Afrika:
   Daar sterf 6,730 mense per week aan Vigs.
   Dit kos die staat 3,6 miljart rand per jaar aan staatspasiënte met Vigs. (Uit die belastingbetaler sak.)
2) In Rhodesië (Zimbabwe) sterf 1,200 mense per week aan Vigs.
3) In Botswana is 45% van die bevolking H.I.V. Positief
4) In Afrika is 75% van alle weermagte H.I.V. positief. Dit word beweer dat, binne die volgende vier jaar, alle weermagte in Afrika tot niet sal wees.
5) Onlangse Nuusberigte: Voëlgriep, Varkgriep, Perde-siekte, Bek en klouseer, Kongokoors, Maagkoors, ens.

Pessiektes:

1. Daar is 120 hartaanvalle per dag in SA, waarvan 30 fataal is.
2. Honderd en vyftig verskillende soorte kankers in die wêreld maak jaarliks 6 miljoen mense dood.
3. Die Wêreld Gesondheids Organisasie [WGO] het verklaar dat in die volgende twee dekades 1 biljoen mense met Tuberkulose geïnfekteer sal wees, en dat 70 miljoen mense in hierdie tydperk daaraan sal sterwe.
4. Volgens die WGO sterf 3 miljoen mense jaarliks aan Malaria. Net in Afrika sterf 3,000 kinders daagliks aan Malaria. Die WGO bereken dat daar elke 15 sekondes iemand sterf aan Malaria. (2,102,400 mense wat jaarliks sterf aan MALARIA)
5. Meer as 'n honderd miljoen mense in die wêreld het VIGS. Sestienduisend mense wêreldwyd word daagliks met die Vigs-virus besmet. Oor die 5 miljoen mense in SA het Vigs. Ongeveer 2,000 persone word daagliks in SA HIV positief. Daar is ongeveer 1,000 sterftes per dag in SA as gevolg van Vigs. Tussen een en twee miljoen mense sal in die volgende jaar sterf. Dit kos die staat elke jaar 3,6 miljard rand vir Vigs pasiënte in staats-hospitale.

Deut 28:21 Die HERE sal maak dat die pes jou aankleef totdat Hy jou vernietig uit die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.
Deut 28:22 Die HERE sal jou swaar tref met tering en koors en vurige koors en ontsteking en droogte en brandkoring en heuningdou; en hulle sal jou vervolg totdat jy omkom.
Deut 28:27 Die HERE sal jou swaar tref met swere van Egipte en met geswelle en skurfte en uitslag waarvan jy nie kan gesond word nie.
Deut 28:35 Die HERE sal jou tref met bose swere aan die knieë en aan die bene—waarvan jy nie gesond kan word nie—van jou voetsool tot jou skedel.

Geboortepyn No. 5 (Aardbewings)

Matt 24 : 7 (b) ". . . en aardbewings op verskillende plekke. "

Statistieke:
Vanaf die eerste eeu na Christus, was daar gemiddeld vyf aardbewings elke honderd jaar (eeu) tot by die 13de eeu.
Gedurende die 14de eeu - 157 aardbewings.
Gedurende die 15de eeu - 174 aardbewings.
Gedurende die 16de eeu - 253 aardbewings.
Gedurende die 17de eeu - 278 aardbewings.
Gedurende die 18de eeu - 640 aardbewings.
Gedurende die 19de eeu - 2,119 aardbewings.
Gedurende die 20ste eeu - 876,000 aardbewings.

Statistiek Feb 2011:
1. Ongeveer 1 miljoen aardbewings skud die aarde elke jaar.
2. Gemiddeld 2,700 elke dag.
3. In 1990-1994 was daar 750 aardbesings wat bokant 6 op die Rigterskaal geregistreer het.
4. In die wêreld is daar daagliks meer as 40 aardbewings wat 2.5 en meer op die Rigterskaal registreer.
5. Op 23 Januarie 2011 was daar 41 aardbewings daardie dag wat meer as 2,5 op die rigterskaal geregistreer het. [Dws in ‘n periode van 24 uur.] Agtien het meer as 3,5 geregistreer, elf

meer as 4,5 en agt meer as 5.
Geweldige aardbewings die afgelope paar weke in Japan, Indië en

Pakistan. Waar vermoedelik 80,000 mense dood is. Die Tsunami ramp op die eiland wat verwoesting gesaai het, is veroorsaak deur 'n aardbewing. Vernietigende oorstromings in Amerika. Die geboortepyne is verskriklik na aan mekaar. Die geboorte (wederkoms van Jesus) kan enige oomblik plaasvind. MARANATA!!!

Japan

Op 11 Maart 2011 was daar die groot aardbewing in Japan wat 9 op die rigterskaal registreer het. [Op 9 Maart was daar 4 voorskokke wat 7.2, 6.0, 6.1, 6.1 op die Rigterskaal geregistreer het.] Selfs daarna was daar op ‘n stadium byna elke dag aardbewings in Japan. Daar was binne 3 dae ongeveer 150 naskokke wat ‘n aardbewing van 6.2 op die Rigterskaal insluit, op 14 Maart. Daar was altesaam 401 naskokke wat bevestig kon word.

Honshu eiland het 2,4 meter geskuif en die dae is 1.8 mikrosekondes korter.
Na die 7.4 naskok op 7 April was 3,2 miljoen mense sonder elektrisiteit.

Op 6 Mei 2011 was daar in die staat Maine, rondom die dorpe Belfast en Buckport, 'n reeks van dosyne aardbewings wat inwoners die skrik op die lyf gejaag het, met portrette wat van die mure geval het en breekgoed wat uit die kaste geval het. Dit is normaalweg nie 'n gebied wat geteister word deur aardbewings nie.

Die nuutste aardbewing waarvan ons verneem het, was die een in Spanje op 11 Mei 2011. Registreer 5.2 op die Rigterskaal. Dit was vorafgegaan deur 'n voorskok van 4.5.

Ons hoor maar van 'n druppel in die emmer. Gaan na die volgende Webtuiste en sien hoeveel daar daagliks plaasvind.
http://earthquake.usgs.gov/earthquakes/recenteqsww/Quakes/quakes_all.html

Aardbewings 2011:

1 Jan	6.9 op Rigterskaal	-	Argentinia.
1 Jan	5.2 "	-	China.
2 Jan	7.1 "	-	Chille.
3 Jan	7.0 "	-	Noord-Argentina.
11 Mrt	**9.0** "	-	Japan.

[Japan se eiland het met 2.4 meter geskuif en elke dag is 1,8 mikrosekondes korter. Die aarde se as het 17cm geskuif.]

17 Mrt	6.5 "	-	Vanuatu.
23 Mrt	7.0 "	-	Noord-Oos Burma.
23 Mrt	6.8 "	-	Myanmar, Thailand.
25 Mrt	6.4 "	-	Kus van Japan.
1 Apr	5.4 "	-	Sandwich Eilande.
3 Apr	6.4 "	-	Fiji.
3 Apr	6.7 "	-	Indonesia.
7 Apr	6.5 "	-	Veracruz, Mexico.
7 Apr	7.4 "	-	Kus van Japan.
11 Apr	**6.5 & 6.2** "	-	Oos Japan.
11 Mei	**5.2** "	-	Spanje.

23 Okt 2011 7.2 Op die Rigterskaal Turkye

Psa 82:5 Hulle weet nie en verstaan nie; hulle loop rond in duisternis: al die fondamente van die aarde wankel.

Hab 3:6 Hy tree op en laat die aarde wankel, Hy kyk en laat nasies opskrik; verpletterd lê die ewige berge, en neergesink die ou, ou heuwels—paaie van die ou tyd vir Hom.

Tsunami's

Tsunamies word veroorsaak deur aardbewings onder die see. Tagtig persent van alle Tsunami's vind plaas in die Pasifiese/Stille oseaan. Tsunami's kan oor die oseaan beweeg teen 'n spoed van 1,000 km per uur. Die golwe van Japan se Tsunami was 10 meter hoog.

Geboortepyn No.6 (Oorstromings.)

Statistiek 26 Nov 2007:

"Die voorkoms van natuurrampe wêreldwyd het die afgelope twee dekades viervoudig toegeneem van gemiddeld 120 per jaar tot soveel as 500 vanjaar.

Luidens die verslag, getiteld "Climate alarm", was daar sedert 1980 'n sesvoudige toename in die aantal oorstromings en vloede.

Van 1994 tot 2004 is jaarliks gemiddeld 254 miljoen mense deur vloedwater geraak. Daarenteen is 248 miljoen mense vanjaar net in Asië deur vloede geraak.
In die 1980's is gemiddeld 6,000 mense jaarliks weens klimaatverwante rampe dood. In 2005 het dit die lewens van 14,000 mense geëis."

Washington

Vloede in Pakistan.

Job 12:15 Kyk, Hy hou die waters terug, en hulle verdroog; ook laat Hy hulle los, en hulle keer die aarde om.

Psa 33:7 Hy **versamel die waters van die see soos 'n hoop**; Hy bêre die wêreldvloede weg in skatkamers.

Geboortepyn No.7 (Vulkaniese Uitbarstings.)

1. 2009—Die vulkaan "Chaiten" spuug 'n massiewe rook en aswolk 30 km die lug in, bokant 'n dorpie in die Suide van Chilli.
2. Die wêreld se grootste vulkaan, wat onder die Yellowstone Nasionale Park gesentreer is, kan twee derdes van die Verenigde State van Amerika uitwis, indien dit sou uitbars. Vanaf 2004 lig hierdie vulkaan, die vloer van die park met ongeveer 3 duim per jaar.

Deut 32:22 Want **'n vuur is aangesteek** in my toorn en het ge-

brand tot in die doderyk daaronder, en dit het die aarde met sy opbrings verteer en die fondamente van die berge aan die brand gesteek.

Vulkaan

Vulkaan—Hawai

Die vyf aktiefste vulkane:

1. Yasur, Vanautu = 111jaar
2. Etna, Italië = 109 jaar
3. Stromboli, Italië = 108 jaar
4. Santa Maria, Gautemala = 101 jaar
5. Sangay, Ecuador = 94 jaar

Vulkane wat op hierdie stadium aktief is:

[Sommige het reeds uitgebars, ander is op die punt om weer uit te bars.]

Gamkonora, Indonesië
Kizimen, Asië
Kilauea, Hawai
Bezymanny, Asië
Tunguranua, Ecuador
Puyehuecordon Caulle, Suid-Amerika
Planchonpeteroa, Suid-Amerika
Ulawun, Australië
Ruapehu, Stille Oseaan
Merapi, Indonesië

Etna, Italië
Taal, Filipyne.

Onnatuurlike/Geheimsinnige sterftes van diere:

Dit het begin in Beebe, Arkansas [Jan2001]—waar 4,000 rooi-**vlerk "blackbirds"** uit die lug geval het—dood. Daar was ook berigte vanuit verskillende ander state en lande. Skielik was daar die dood van massas vis—selfs tonne. Die Chesapeake Baai area het 2 **miljoen dooie "spot Croakers"** geraporteer wat op die strande uitgespoel het. Dan was daar berigte van 8,000 duiwe wat dood uit die lug geval het in Italië; kraaie in Swede; watervoëls in Houston en Minesouta; en swerms voëls naby Nashville, Tennessee.

Veertig tot vyf –en-veertigduisend fluweelkrappe is dood gevind op die strande van Kent, Engeland. En hope Pikkewyne is dood in New Zealand.

'n Paar weke vroeër was dit 10,000 koeie en buffels in Viëtnam, en 200 koeie in Arkansas op dieselfde weiveld. Hierdie verslae kom in van regoor die wêreld.

Selfs op die 4de en 5de Mei 2011 was daar nog steeds berigte van dooie visse wat op die strande uitspoel.

AGT TEKENS VAN DIE TYE:

Jesus het nêrens 'n presiese datum vasgestel waarop die finale tonele van die eindtyd-drama sal afspeel nie. Daar is egter sekere tekens waarvan die Bybel melding maak wat moet plaasvind voordat Jesus Christus kom om sy bloedgewaste bruid te kom haal. Wanneer ons hierdie tekens sien plaasvind moet ons weet sy koms is naby.

Mat 24:36 Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen.
Mat 24:42 Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie.

1. Vermeerdering van kennis:
(600 V.C.)

Dan 12:4 En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder.

Dan 12:9 En hy het gesê: Gaan heen, Daniël, want die woorde bly verborge en verseël tot die tyd van die einde toe.

Dan 12:10 Baie sal gereinig en gesuiwer en gelouter word, maar die goddelose sal goddeloos handel; en geeneen van die goddelose mense sal verstaan nie, maar die verstandiges sal verstaan.

Die engel verklaar aan Daniël, dat profesië, net voor die wederkoms, al meer bestudeer sal word, en kennis sal vermeerder. Die Here vereis geen akademiese kwalifikasies om sy profesië te verstaan nie. Die Heilige Gees is jou Leermeester.

Salomo verklaar - kennis van die Here, dit is verstand.

Die kind van God weet presies wat lê voor.

2. Die afval onder die mensdom:

2Thes 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf

1Tim 4:1 Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang

VALSE LERAARS:

2Pet 2:1 Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën en 'n vinnige verderf oor hulleself bring;

2Pet 2:2 en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word;

2Kor 11:4 Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig

as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval.

STATISTIEKE I.V.M. ASPIRANT PREDIKERS IN AMERIKA IN 1972.

1. 56 % verwerp die maagdelike geboorte van JESUS
2. 71 % ontken die lewe na die dood. HEB 9; 27
3. 54 % verwerp die opstanding van Jesus.
4. 98 % verwerp die wederkoms van JESUS

Gal 1:6 Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, **na 'n ander evangelie toe,**
Gal 1:7 terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai.
Gal 1:8 Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle **verkondig het, laat hom 'n vervloeking weees.**

3. Die vyeboom wat bot: (Israel)

Luk 21:29 Toe vertel Hy hulle 'n gelykenis: Let op die vyeboom [Israel]en al die bome [lande wat afhanlikheid verkry].
Luk 21:30 Net soos hulle bot, weet julle vanself, as julle dit sien, dat die somer al naby is.
Luk 21:31 So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur.

Dit is die proklamasie van die Jood - 14 Mei 1948.

Jes 66:8 Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Word **'n land op een enkele dag gebore? Of word 'n nasie met** een slag gebaar? Want Sion het weë gekry, meteens haar kinders gebaar.

Jer 30:3 want kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek die lot

van my volk Israel en Juda sal verander, sê die HERE; en Ek sal hulle terugbring in die land wat Ek aan hulle vaders gegee het, en hulle sal dit in besit neem.

4. Die toestand van die kerk:

Laodicëa:
In Grieks - Laos-Dike.
Laos = die mense.
Dike = reg.
Hierdie kerk van menseregte word deur die mense bestuur, en nie deur God nie.

Die gemeente van Laodicea sê dat Jesus:

(1) Nie maagdelik gebore is nie.
(2) Nie uit die dood opgestaan het nie.
(3) Nie weggevaar het Hemel toe nie.
(4) Nie weer terugkom om Sy bruid te kom haal nie.
(5) Jesus op YS geloop het en nie op WATER nie.

Open 3:15 Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!
Open 3:16 Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.
Open 3:17 Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.
Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

BAALSE GODSDIENS: (Nimrod - Gen 11)

(a) Alles is gelyk - nasies, stamme, volke, tale, diere en plante.
(b) Die heilige sakrament van die Nagmaal word aan diere bedien.
(c) Alles en almal is "gode."
Benny Hinn en Kenneth Copeland sê ons is almal gode en klein mesiasse.
(Lucifer se val het gekom omdat hy hom gelyk wou stel aan God. Jes 14 en Eseg 28)

Baalse Priesters: Elia sê: Slag hulle.

(d) Daar is geen verskil tussen Jesus en Lucifer nie - LASTERLIK ! - hulle is op 'n gelyke vlak.

(e) Alle godsdienste is dieselfde: Christen, Islam, Judaïsme, Roomskatoliek, Bhoedisme, Hindoisme, Shintoisme. (Joh 14:6 - Jesus is ons enigste middelaar.)

(f) Die Baalse godsdiens is die "hoer" van Openbaring 17. Die bruid van Lucifer.

(g) Die "kleed" van sonde is PURPER en SKARLAKEN. (Jes. 1:18)

5. Vrees onder die nasies:

Jesus sê in Luk 21:25-26:

Luk 21:25 En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see (volkere see) en branders dreun, (onrustigheid, beangs)

Luk 21:26 en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word.

Wereld-leiers is 24 uur om konferensie tafels, en soek na vrede.

1Thes 5:3 Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.

6. Die alledaagse leefwyse van die mens is VERDORWE in die laaste dae:

2Tim 3:1 Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom.

2Tim 3:2 Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges (diefstal en bedrog), grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers (sielkundige opvoeding), ondankbaar (stakings), arbeidsonrus, onheilig,

2Tim 3:3 sonder natuurlike liefde (Gay's en Lesbiërs), onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie,

2Tim 3:4 verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot (sport en plesier) as liefhebbers van God;
2Tim 3:5 mense wat ‘n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.

7. Spotters:

Pet 3:3 Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel
2Pet 3:4 en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af. { THE PIE IN THE SKY FILOSOFIE)

Vir die spotters sê die Here:
Spr 1:26 daarom sal ek ook lag by julle ondergang, ek sal spot as julle verskrikking kom;
Psa 37:13 Die Here lag oor hom, want Hy sien dat sy dag kom
Psa 2:4 Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle.

GRONDVERDELING:

Die grondverdeling [grondhervorming] in Rhodesië (Zimbabwe), tans ook besig om in Suid-Afrika te gebeur, is 'n profesie wat vervul word:
Dan 11:39 So sal hy (Antichris) dan optree teen die versterkte vestings met behulp van ‘n vreemde god (Nuwe wêreldorde/Newage); diegene wat hy (Antichris) erken, sal hy (Antichris) baie eer en hulle oor baie laat heers en grond as beloning uitdeel.

8. Ekonomiese toestand:

Die huidige ekonomiese toestand gaan in die toekoms nog verder verswak. Hoe wyer dit uitkring, hoe meer gaan die hele wêreld na ‘n

sterk leier vra.

Etlike jare gelede verskyn die Economist-tydskrif, met op die voorblad, 'n Feniks voël met 'n goue ketting om sy nek en 10 goue Feniks-muntstukke aan 'n ketting. Die opskrif van die hoofartikel is: **"Get ready for a world currency."** Die skrywer van die artikel verduidelik dat **die feniks 'n simbool van Lucifer was**. Dit is dus insiggewend dat die simbool van die nuwe internasionale ekonomiese orde die simbool van die "god van hierdie wêreld is". [Lucifer]

Die Phoenix of Feniks is die mitiese voël wat volgens oorlewering die simbool van die god Ra is, en dus die opkomende son weerspieël. Kunstenaars beeld dit uit as 'n voël, naastenby so groot soos 'n arend, met rooi en goue vere.
In 1996 reeds het 500 afgevaardigdes uit 50 lande in Amerika bymekaargekom om die nuwe super Wêreldbank te stig. David Rockefeller en Edmond D Rothschild, van die magtigste bankiers in die nuwe wêreld orde, was onder die afgevaardigdes. Hulle plan was die Wêreld Federale Reserwebank. Hulle kom toe met 'n skuldruil-program. Die arm lande in Afrika en elders in die wêreld, ruil dus woude, wildtuine, wildernisse en ondergrondse mineraalregte as delging vir hulle skuld aan die wêreld bank. Die Wêreld-bank het na afloop van die program, reeds 'n derde van die wêreld, as bate geregistreer.

Die Illuminati se leuse is "Order From Chaos." Hulle beplan die chaos en wanneer die krisis groot genoeg is, gryp die nuwe wêreldorde in met hul "wonderlike oplossing" ['n elektroniese kontantlose geldsisteem] en "fantastiese leier" [die Antichris].

Misdaad word hier in Suid-Afrika ooglopend toegelaat. Banke word beroof, geld word gesteel en finansiële misdaad vier hoogty. Kontant het gevaarlik geword en bankklerke wil nie meer kontant hanteer nie. By dit alles verloor geld daagliks sy waarde. 'n Goeie voorbeeld tans

is Zimbabwe.

Eseg 7:19 Hul silwer sal hulle op die strate gooi, en hulle goud sal 'n voorwerp van afsku wees; hul silwer en hul goud sal hulle nie kan red in die dag van die grimmigheid van die HERE nie; hul siel sal hulle daarmee nie versadig of hul ingewande daarmee vul nie, ...

'n Man in Harare dra arms vol kontant waarmee hy gaan inkopies doen. Die waarde van die Zim-dollar, wat in Duitsland gedruk word, daal só vinnig dat die note wat in Harare afgelewer word, nie 'n waarde daarop het nie. Nadat dit afgelaai is, gaan dit na 'n drukker wat die waarde byvoeg.
http://edition.cnn.com/**2009**/WORLD/africa/02/02/zimbabwe.dollars/index.html
The old notes -- with the highest being 100 trillion dollars -- not enough to buy a loaf of bread -- will remain valid until June 30, after which they will cease to be legal tender. One U.S. dollar is trading above 300 trillion Zimbabwe dollars.

Wanneer sal Jesus se koms wees?

Mar 13:32 Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader.

Mat 25:13 Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie.

Mar 13:29 So weet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur [tekens van die tye/geboortepyne], dat dit naby is, voor die deur.

Luk 21:7 En hulle vra Hom en sê: Meester, wanneer sal dit dan wees, en wat is die teken wanneer dit gaan gebeur?
Luk 21:8 En Hy antwoord: Pas op dat julle nie mislei word nie; want baie sal onder my Naam kom en sê: Dit is ek! en: Die tyd is naby! Gaan dan nie agter hulle aan nie.
Luk 21:9 En wanneer julle hoor van oorloë en opstande, moenie skrik nie; want dié dinge moet eers plaasvind, maar dit is nie dadelik die einde nie.
Luk 21:10 Toe sê Hy vir hulle: Die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander.
Luk 21:11 En daar sal groot aardbewings op verskillende plekke wees en hongersnode en pessiektes; en daar sal verskriklike dinge

en groot tekens van die hemel kom.

Luk 17:34 Ek sê vir julle: In daardie nag sal daar twee op een bed wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word.
Luk 17:35 Twee vroue sal saam maal; die een sal aangeneem en die ander verlaat word.
Luk 17:36 Twee sal op die land wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word.

Rom 13:11 En dit te meer, omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het.
Rom 13:12 Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord.

MARANATA - Jesus kom spoedig terug!!!!!

Bronnelys:

Www.vancouversun.com [factbox]
Www.dailymail.co.uk
Www.bbc.co.uk
Www.yahoo.com
Www.huffingtonpost.com
Www.worldnews.com
earthquaketoday
15StrongestEarthquakesSince1900—USGS website
BBCHowToMeasureEarthquaces
Scolistic: ReadingTheRichterScale
ListOfNaturalDisasters,Wikipedia
LiberalSprinkles.blogspot.com/2011/03/facts-japan-earthquake-tsunami-nuclear
FactsOnTsunamis,Reuters
RecordsRelatedToTsunami,Buzzle.com
TsunamiFacts, NationalGeographic
Our amazing planet.com/

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die hemel en die hel is daar 'n kloof—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die bloed van Jesus Christus. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.\Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 .....—maak jou klaar om jou God te ont-**moet, ...**

Saamgestel deur: Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(o44) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.